Meer as oorwinnaars

'n Bybelse dagboek oor geloof, hoop en liefde



Word in 366 dae toegerus met kennis en begrip oor die drie geloofsankers: geloof, hoop en liefde.

Spesifikasies:

ISBN:	978-1-77000-576-1
Prys:	R119,95
Vrystellingsdatum:	Middel Augustus 2009
Kategorie:	Dagstukke
Teikenmark:	Algemeen
Formaat:	150 x 220 mm
Bladsye:	392
Omslag:	Hardeband

"Geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!" Almal ken hierdie bekende teksvers uit 1 Korintiërs 13, maar wat ís geloof, waarop kan Christene régtig hoop en hoe kan ons ander oprég liefhê?

Meer as oorwinnaars, Solly Ozrovech se unieke dagboek van 366 oordenkings, is saamgestel rondom hierdie drie geloofspilare. Omdat die hele dagboek rondom slegs drie temas sentreer, is soveel moontlik teksverse hieroor uit die Bybel ontgin.

As ervare en deurwinterde gelowige is Solly Ozrovech toegerus om gelowiges dieper te lei in die grondwaarhede van die Christelike geloof en hulle die werklike betekenis van geloof in die Vader, die lewende Christus en die Heilige Gees te laat begryp. Aan die einde van ***Meer as oorwinnaars*** sal die leser 'n beter begrip hê van die vervlegtheid van die temas geloof, hoop en liefde, begryp hoe lief God ons het deur Christus en hoe om God en ander onbevrees en met oorgawe lief te hê.

KORT KOPIE

Meer as oorwinnaars is 'n belegging vir jou geloofslewe. Die 366 dagstukke sal jou toerus met kennis, begrip en insig oor die dieper betekenisse van geloof, hoop en liefde en hoe hierdie drie geloofsankers mekaar aanvul en deur liefde saamgebind word. Dit sal jou inspireer om God en jou naaste met oorgawe lief te hê deurdat jy sal verstaan hoe oneindig groot God se liefde vir jóú is.

OOR DIE OUTEUR

Solly Ozrovech was vir meer as 40 jaar predikant in die Kaapprovinsie, waarna hy hom voltyds begin toespits het op die skryf van Christelike boeke. Uit sy pen het reeds meer as 230 boeke verskyn, elkeen 'n trefferboek in eie reg.

UNIEKE VERKOOPPUNTE

- Topverkoper-outeur.
- Konsentreer deur die hele dagboek op die drie geloofspilare.
- Ook beskikbaar in Engels onder die titel *More than Conquerors*.

ANDER BOEKE DEUR DIE OUTEUR

- Hoop vir elke dag (Dagstukke)
- Gebede vir jou lewenspad (Gebed)
- 'n Pad in die woestyn (Dagstukke)
- Leef uit die krag van God (Dagstukke)
- Die groot boek van illustrasies van die lewe vir die lewe (Christelike leefwyse)
- Nog ankers en vleuels (Christelike leefwyse)
- 'n Skuilplek teen die storm (Dagstukke)
- As ek weer kon begin (Christelike leefwyse)
- Die stem agter jou (Dagstukke)
- Deur vreugde verras (Geestelike verryking)
- Elke môre nuut (Dagstukke)